# Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 13

*Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie…*

*(1 Kor 13:4)*

Ferdinand Deist sê iewers in 'n preek ons lewens moet musiek maak. Maar, sê hy, as ons nie oppas nie, gebeur dit maklik dat ons nie musiek maak nie, maar net 'n klomp geraas (vers 1). En, baie belangrik, ons moet *saam* musiek maak, soos wat in 'n simfonieorkes gebeur.
Die bladmusiek vir hierdie musiek is opgeteken in verse 4-7. As ons dié bladmusiek goed bestudeer en getrou inoefen, kan daar hemelse klanke uit ons saamwees opklink – ons sal geduldig met mekaar wees, vriendelik, groothartig, beskeie, saggeaard, welvoeglik, nie selfsugtig of kleinserig nie, vergewensgesind, liefhebbers van die waarheid, beskermend teenoor ander, gelowig, draers van hoop, verdraagsaam …
Hierdie liefde is 'n lewenstyl, 'n lewenshouding waarvoor jy moet kies, en wat jy jou lewe lank moet inoefen soos jy vir 'n konsert instudeer.
Natuurlik moet ons sáám in hierdie simfonie speel, waar elkeen sy eie unieke klankkleur bring, en daarom sal ons, soos 'n goeie musikant in 'n simfonieorkes, ons oog op die Dirigent moet hou, want Hý lei ons en snoer ons saam tot 'n meesterlike uitvoering.
O, as ons dít maar kan regkry!

## Onlangse Bydraes


- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my

© Bybelkoerant 2018 – 2026